# 5 April 2023 - Lesing 1 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

Toevoer van lig in die hiernamaals – 13/1/57

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**No 6735** Vir die **siele in die hiernamaals** skyn 'n helder lig, **waar Ek My Woord na die aarde** kan stuur. Die duisternis om die siele is dikwels so erg, dat dit hulle onuitspreeklik kwel en hulle wil dit ontvlug. En wanneer die begeerte na lig in hulle ontwaak, dan maak Ek ligbronne vir hulle herkenbaar, omdat dit nou ook deur die siele opgesoek word. En nou begin vir hulle die ontwikkeling opwaarts. Weliswaar in die begin nouliks merkbaar, maar 'n siel wat eens die plek opgesoek het waar 'n ligstraal te siene was, keer altyd weer daarna terug en dan is daar geen gevaar meer dat sy sal terugval in die duisternis nie. Maar waaruit bestaan die lig, wat hulle goed laat voel en hulle steeds na meer lig laat verlang?

Die siele, wat heeltemal apaties in duistere streke vertoef, is sonder krag en hulle kan ook niks herken van hul omgewing nie. Maar sy weet dat sy lewe, dat sy nie uitgewis is nie. En hierdie bewussyn is vir haar uiters kwellend, want sy kan dink, ofskoon haar denke wat sy op aarde vergaar het, verward geraak het. Maar sy kan oor haar ongelukkige toestand nadink en dus kan sy nou begin te vra, of en waardeur sy self skuld gehad het aan hierdie toestand. En wanneer sulke vrae as gedagtes in haar opduik, is Ek ook bereid om hierdie vrae te beantwoord. Maar Ek kan dit nie regstreeks doen nie, maar moet haar net die geleentheid gee, sodat sy iemand kan vind wat haar daaroor kan onderrig. Elkeen van sulke tipe vrae en die verlange na ’n antwoord is al ’n verlange na lig. Alle onwetendheid van die siel is net soos duisternis, alle ware kennis is soos lig. 'n Siel wat nie meer in haar liggaam verblyf het nie, wat dus nie meer deur haar liggaamlike oog kan kyk nie, is blind solank as wat sy heeltemal onwetend is. En solank is dit dus nag om haar heen.

Maar daar kan vir haar lig gebring word. Sy kan onderrig word en sodra sy hierdie opheldering gewillig aanhoor, merk sy ook op dat die nag ligter word. Eers gaan sy 'n skemertoestand binne. Sy begin helder gedagtes te kry en ondervind daarby 'n welbehae en steeds word dit ligter in haar. Sy kan herken wat sy eers nie kon sien nie, sy het net geen aards-materiële indrukke wat die welbehae in haar teweegbring nie. Veeleer maak die toestand van innerlike Lig haar gelukkig, omdat sy nou ook weet dat en hoe sy haarself uit hierdie vreeslike situasie kan bevry. Tewens lê daar 'n arbeidsveld voor haar wat haar onbeskryflik stimuleer na haar vorige toestand van werkloosheid, want nou ervaar sy ook die krag om te werk, waartoe 'n drang om in liefde werksaam te wees, haar nou aandryf.

**Die plekke waar My Woord weerklink, is sulke oorde om opheldering te verkry**. Die plek straal in helder lig en trek ontelbare siele aan, maar word net deur hulle gesien wat vurig daarna verlang om hul duisternis te verlaat, die wat na lig verlang. Want daar is ook siele wat die lig verafsku, wie so diep gesink het dat sy die lig as kwelling ervaar, omdat dit haar verdorwenheid aan die lig bring en sy daarom stry teen die lig, wat sy dink sy kan doof. Maar sulke siele word weggestoot.

Daarenteen word elke siel wat na die lig verlang, aangelok of deur hulpvaardige wesens daarheen gelei. En sodra sy maar sonder weerstand aanhoor wat daar aan haar verkondig word, begin die toestand van duisternis ook al te verander in 'n skemertoestand. In hierdie siele kom nou die drang om te lewe na bowe. Sy begin te hoop, **sy wil lewe om werksaam te kan wees** en haar wil lewer nou ook vir haar die krag daartoe.

Lig is kennis, Lig is waarheid en Lig is dus vir sulke siele in die duisternis die enigste wat aan hulle gebring moet word, sodat hulle ook kan ontwaak tot die lewe. En daarom sal julle altyd omring wees deur siele wat honger na lig, wat deel wil hê aan die oordrag van Lig wanneer My Woord na julle toegestuur word, wanneer Ek julle opheldering verskaf, wanneer Ek julle die suiwer waarheid laat toekom deur My Gees. Daarom sal daar altyd 'n lig straal wat tallose siele lok, sodra julle julself met My kan verbind om My Woord in ontvangs te neem. **Want onder Lig in die geestelike ryk is steeds net die aanbring van die suiwer waarheid uit My te verstaan.** Lig is insig, Lig is kennis, wat in My sy oorsprong het, wat deur My Self op die aarde neer straal, sodat die duisternis gebreek kan word, sodat julle mense geluksalig kan word, maar wat julle net kan ontvang wanneer julle julself met My verbind het, met die Lig van Ewigheid. Amein.